

DISASTER MANAGEMENT



U, U GESIN & RAMPE!



SCAN HERE

FOR MORE INFORMATION
REGARDING DISASTERS



 **nelson mandela bay**
MUNICIPALITY



WAT IS RAMP BESTUUR?

- Dit raak almal!
- Dit is 'n geïntegreerde (veelsektorale en veeldisiplinêre) proses.
- Dit is nie 'n "eenmalige" handeling nie, maar 'n deurlopende proses.
- Dit is 'n beplanningsproses en implementeringsmaatreëls om:
 - ★ die risiko dat rampe plaasvind, te voorkom en te verminder.
 - ★ die impak van rampe te verlig.
 - ★ vir noodgevalle voor te berei.
 - ★ vinning en doeltreffend op rampe te reageer.
 - ★ na 'n ramp te herstel en te normaliseer.

WAT IS 'N RAMP?

Dit is 'n progressiewe of skielike, wydverspreide of gelokaliseerde natuurlike of mensveroorsaakte gebeurtenis wat-

- ★ (a) die volgende veroorsaak of dreig om te veroorsaak:
 - i. dood of siekte;
 - ii. skade aan eiendom, infrastruktuur of die omgewig; of
 - iii. ontwrigting van die lewe van 'n gemeenskap;

EN

- ★ (b) is van 'n omvang wat die vermoë oorskry van diegene wat deur die ramp geraak word, om net met behulp van hul eie hulpbronne teen die uitwerkings daarvan opgewasse te wees.

LET WEL !

- ★ **Dit is net wanneer een van (a) en (b) gebeur, dat 'n ramp plaasgevind het.**
- ★ **"Diegene wat geraak word" verwys na die gemeenskappe en agentskappe wat geraak word, sowel as regerings - as nie-regeringsorganisasies wat op die ramp reageer.**
- ★ **Enige ander gebeurlikheid sal 'n normale of ernstige incident wees**

WAT IS 'N RAMPRISIKO?

- n Ramprisiko is die verwagte verlies van lewe, skade aan eiendom en ekonomiese verlies wat deur 'n spesifieke bedreiging veroorsaak word.
- Ramprisiko is wat in 'n gemeenskap verkeerd kan gaan wanneer dit aan 'n gevaar (bedreiging) blootgestel word.

- Ons word almal daaglik aan verskillende gevare blootgestel.
- Dit is belangrik dat u te alle tye weet wat die veiligheid van u gemeenskap bedreig.
- In 'n gemeenskap hang die voorkoms van 'n ramp van die gevare (bedreigings) en die kwesbaarheid af van die gemeenskap (hoe swak of onvoorbereid u teen die gevare is).
- Die velheid van 'n noodgeval sal van die hewigheid van die gevaar en die kwesbaarheidsvlak van die gemeenskap afhang.



RAMP =



GEVAAR X




KWESBAARHEID

WAT IS KWESBAARHEID ?

- 'n Interne toestand wat mense se blootstelling en vatbaarheid vir gevare verhoog.
- Die graad waarin 'n individu, 'n huishouding, die gemeenskap of 'n gebied nadelig deur 'n gevaar/ramp aangetas kan word.
- Kwesbaarheid kan van gevaar tot gevaar verskil. Dit wil sê u kan dalk die uitwerkings van sterk wind weerstaan, maar mag heeltemal kwesbaar vir oorstroming wees.

Voorbeeld: As u u huis aan die voet van 'n onstabiele helling of op die oevers van 'n rivier bou, sal u kwesbaar vir grondverskuiwings en rotsstortings van die heuvels daarbo of vir oorstromings wees wanneer die watervlak in die rivier na hewige en/of langdurige reënval styg.



WAT IS 'N GEVAAR?

- Dit is 'n verskynsel of 'n proses.
- Dit kan natuurlike of mensgemaak wees.
- Dit bedreig lewe, eiendom en die omgewing.



VOORBELDE VAN GEWARE

- Ontbossing
- Besoedeling
- Verwoestyning
- Omgewingsverslegting
- Nywerheidsongelukke
- Droogte
- Vulkaniese uitbarstings
- Epidemies
- Parasietbesmetting
- Tropiese siklone
- Orkane
- Tornado's
- Storm sterk winde
- Tsunami's
- Oorstromings
- Aardbewings
- Grondverskuiwings
- Brande
- Terrorisme

IS U BEWUS VAN ENIGE ANDER GEVARE IN U GEMEENSKAP?



MANIERE OM RAMPRISIKO TE VERMINDER ?

1. HANTEER DIE GEVAAR



VERMY GEVAAR



Indien moontlik, vermy die gevaar of skakel dit uit. Indien moontlik, verminder die sterkte van die gevaar.



VERMINDER KWESBAARHEID



2. HANTEER KWESBAARHEID

Verminder kwesbaarheid / vermeerder kapasiteit.
Ken die gevare waarvoor u te staan mag kom.



VERMEEDER KAPASITEIT



Beskerm uself teen elke gevaar:


- Verseker dat u huis aan bouregulasies voldoen of sterk gebou is.
- Verseker dat alle elektriese aansluitings op peil is.
- Raadpleeg die Brandweer vir brandveiligheid in en om die huis.
- Bedryf behoorlike huishouding.



STEL VANDAG 'N BRANDUITGANGSPLAN VIR U HUIS OP... DIT KAN U LEWE VANNAG SPAAR!

1. TEKEN 'N VLOOR PLAN VAN DIE HUIS

- U moet 'n plan van elke vlak van u huis teken. Gebruik 'n ruitenet om u plan te teken.



2. SLUIT ALLE MOONTLIKE UITGANGE IN

- Teken al die deure, vensters en trappe.
- Dit sal aan u gesin al die moontlike uitgangsoetes met een oogopslag toon.
- Sluit Enige terreinvoorwerpe in, soos 'n motorhuisdak, wat u sal help om te ontsnap.

3. TOON TWEE MANIERE AAN OM UIT ELKE VERTREK TE KOM, INDIEN MOONTLIK

- Die deur sal die hoofuitgang van elke vertrek wees. As die deur, egter deur rook of vuur afgesper word-
- Identifiseer 'n alternatiewe uitgangsoete, wat 'n vensters kan wees.
- Maak seker dat alle vensters maklik kan oopmaak en dat almal weet hoe om veilig daardeur te ontsnap.
- Indien u vensters diewering het, rus dit toe met toestelle sodat dit vinnig verwyder kan word.

4. BENODIG ENIGEEN HULP TE ONTSNAP?

- Besluit vooraf wie die baie jong kinders, ouer volwassenes of mense met gestremdhede uit u huis sal help.
- 'n Paar minute se beplanning sal waardevolle sekondes in 'n verklike noodgeval spaar.

5. KIES 'N VERGADEPLEK BUITE

- Kies 'n vergaderplek op 'n veilige afstand van u huis af wat almal sal onthou.
- 'n Boom, straatlig of 'n buurman se huis is almal goeie keuses..
- In die geval van 'n brand, moet elkeen reguit na dié vergaderplek gaan sodat daar van hulle rekenskap gegee kan word.

6. SKAKEL DIE BRANDWEER VAN BUITE DIE HUIS

- Moenie waardevolle sekondes mors deur die Brandweer van binne u huis te bel nie.
- Sodra u veilig ontsnap het, bel die Brandweer vanaf 'n selfoon of 'n buurman se huis.

7. OEFEN U UITGANGSPLAN

- Gaan die plan saam met almal in u huishouding na.
- Loop saam met die hele gesin langs die uitgangsoetes uit elke vertrek.
- Gebruik die deurloepoefening om u uitgangsoetes na te gaan en seker maak dat alle uitgange prakties en maklik is om te gebruik.
- Hou 'n brandoefening twee maal per jaar en kyk hoe lank dit neem.
- In die geval van 'n werklike brand moet u sonder huiwering reageer, aangesien u uitgangsoetes vinnig deur rook of vlamme versper mag word.

ONTHOU:

- ♦ Beplan twee maniere om uit elke vertrek to kom, indien moontlik
- ♦ Hou 'n brandoefening twee maal per jaar
- ♦ Installeer rookverklikkers op elke vlak van u huis en buite alle slaapvertreke

BEPLAN VOORUIT VIR RAMPE



- **BOU** huise minstens drie meter uitmekaar om te voorkom dat brande versprei.
- **VERSEKER** dat u huis meer as een uitgange het in die geval van 'n brand!
- **MOENIE** dat tuinvullis, karton en/of hout tussen u huise opgaar nie, dit is 'n brandgevaar!



- **HOU** 'n emmer water en 'n emmer sand byderhand. Probeer klein brande blus voordat dit versprei.
- **MOENIE** uself in gevaar plaas nie!



- **GEBRUIK** sand vir paraffienbrande,
- **MOENIE** water gebruik nie!



- **GEBRUIK** water vir hout, papier en materiaalbrande.



- **HOU** vuurhoutjies, aanstekers, paraffien en gifstowwe veilig toegesluit en buite bereik van jong kinders.
- **GEBRUIK** 'n kinderveiligheidsprop op paraffienbottels.



- **PLAAS** stowe op 'n plat oppervlak - weg van 'n trek en dinge wat kan brand, b.v. gordyne.
- **MOENIE** vure, kookstowe of paraffienlampe onbewaak laat nie.



- **DOOF** kerse en lampe uit voordat u gaan slap of u huis verlaat!
- **GEBRUIK** blakers vir u kerse.
- **MOENIE** in die bed rook nie.

**MOENIE JONG KINDERS SONDER
TOESIG IN DIE HUIS LAAT NABY
KERSE, STOWE, LAMPE OF
VERWARMERS NIE !**



MOENIE BANG WEES NIE, WEES VOORBEREID

- **SKAKEL** die elektrisiteit af voordat 'n elektriese brand geblus word. Gebruik dan 'n potdeksel of 'n klam doek om die vlamme te blus.

- **MOENIE** water op 'n elektriese brand gebruik nie!



- **MOENIE** toelaat dat ander lede van die gemeenskap hul huise bou in gebiede wat aan oorstromings blootgestel is nie.

- **BOU** u huis met die vloer bo die grondvlak.

- **GRAWE** dreineringslote rondom u huis om storm water weg te lei.

- **HOU** stormwaterafvoerslote skoon van vullis sodat storm water kan wegvloei.



- **MOENIE** dat kinders in vloedwaters speel nie, aangesien dit 'n gesondheidsrisiko vir hulle kan wees.

- **MOENIE** dat kinders in en om uitgebrande huise speel nie, aangesien daar baie skerp voorwerpe is wat hulle kan beseer.

- **MOENIE** dat kinders met vuurhoutjies speel nie.

- **MOENIE** alkohol drink terwyl u vuur maak nie - dit kan u en/of u geliefdes se lewens kos!

- Ken al u noodnommers en hou hulle byderhand naby die telefoon.

- Stel 'n gebeurlikheidsplan op vir elke gevaar waaraan u blootgestel is.

- Weet wat om te doen wanneer u moet ontruim.

- Weet waar om te vergader nadat u ontruim het.

- Verseker dat u 'n huisnoodplan het en dat al die gesinslede dit ken.

- Leer u kinders hoe om 'n noodoproep te maak.

- Verseker dat al u waardevolle dokumentasie, b.v. u ID-boekie, paspoort, kinders se geboortesertifikate en bankkaarte op 'n veilige plek bewaar word en gereadik bereikbaar is as u u huis sou moes ontruim.

- Stel 'n gesinsnoodkissie saam met items wat u sal nodig kry indien u moet ontruim, b.v. warm klere, kos, water, medisyne en materiaal om 'n tydelike skuiling mee te bou.



WAANEER 'N VUUR UITBREEK...



WAARSKU mense in die gebou om die gebou te verlaat!

PROBEER die brand blus voordat dit versprei.

MOENIE 'n held probeer wees nie, dit kan jou lewe kos!



ONTHOU dat 'n brand nie helder is nie. Dit is donker en gevaarlik!

KRUIP laag onder die rook om van die brand te ontsnap.



HELP om ander mense uit die huis te kry!

MAAK seker dat daar van al die inwoners verantwoording gedoen kan word!



ONTBIED die nooddienste by **041 585 1555** en kry vinnig hulp!

Hoe gouer u bel, hoe gouer sal hulp opdaag.

HOU brandkrane vry sodat brandbestryders water kan kry om die brand te blus

HOU die noodtelefoonnommers naby die telefoon.

LEER u kinders hoe om dit te skakel.

Wanneer u skakel, verstrek:

- ♦ U naam en telefoonnommer.
- ♦ Wat die noodgeval is!
- ♦ Volledige adres.
- ♦ 'n Landmerk (kerk of 'n skool) naby die brand.
- ♦ Die noodopereur sit eerste die telefoon neer.

Sodat die nooddienste u huis vinniger kan opspoor.



041 585 1555

EMERGENCY

NOODTELEFOONNOMMERS



SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS
10111



MEDIESE NOODDIENSTE
112



BRAND & NOODDIENSTE
041 585 1555



RAMP BESTUUR
041 501 7900
041 585 1555 (NA URE)

ANDER NOODTELEFOONNOMMERS

GIFINLIGTINGSENTRUM	021 689 5227 0861 555 777
WATER	080 020 5050
ELECTRISITEIT	041 506 5595
VERKEER / METRO POLISIE	041 585 1555

HOSPITALE

DORA NGINZA	041 406 4257 / 4414 / 4011
LIVINGSTONE	041 405 2507 / 2141
PE PROVINSIALE	041 392 3911
UITENHAGE PROVINSIALE	041 995 1016
GREENACRES	041 390 7047 / 7306 / 7120
CUYLER	041 995 9056
ST. GEORGES	041 374 2424 / 392 6175
MERCANTILE	041 404 0525



Vir meer inligting skakel:
RAMP BESTUUR
041 501 7900

Vir alle **NOODGEVALE**
041 585 1555

